

14 April

Jesaja 60:8-22, (Teks: 1:17b)

Geregtigheid en vrede

Vrede floreer wanneer die wet van God betrag en toegepas word: Dan word verhoudinge tussen mense gangbaar; dan beteken die verhoudinge iets. Vrede kan net groei wanneer versteurde verhoudinge tussen mense beantwoord aan die reg van God. Vrede kom alleen deur reg tot stand; waar die reg gekrenk en vertrap word, wyk die vrede. Om vrede te handhaaf deur regstoepassing was onder Israel die werk van die koning. Hoe laat geregtigheid vrede bloei? Doen reg aan die verdruktes. Bewys geregtigheid aan die ellendiges. Bewerk die regsak van die ongelukkiges. Laat reg geskied aan elkeen. Dan heers daar vrede. Maar vrede en geregtigheid kan alleen bestaan deur die bloed van versoening. In Jesaja 60 teken die profeet die stad van vrede en verlossing. God se vredestad is ook die stad van ewige vreugde. Niemand wat ongeregtigheid doen, sal 'n plek kry in God se ewige stad van vrede nie. Die mens wat ongeregtigheid doen, het nie vrede lief nie. Daarom is daar vir so iemand nie plek in die vredestad nie. Geen mens kan in homself aan die eis van God se reg voldoen nie. Dit kan alleen verkry word deur die soenbloed van Christus. Deur sy bloedstorting het Hy aan die eis van God se geregtigheid voldoen. Wie deur die geloof by Christus ingelyf is, ontvang die geregtigheid en die lewe tot in ewigheid. In die lewe van sy uitverkore kinders laat God vrede kom. Hulle lewe bestuur die Here deur geregtigheid.

Sing: Psalm 23:1

Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)